Wat is Snuifmiddels?

Snuifmiddels is niks anders as ’n ander dwelmsoort nie! Ten beste kan hulle beskryf word as chemiese wasem wat jy inasem; baie min mense beskou vele vorms van hierdie dodelike dwelm – in huishoudings oraloor gevind – as ’n dwelm.

Algemene Voorbeelde

Verskeie soorte gom en vloeibare skoonmaakmiddels, naellak-verwyderaar, petrol, bensien, asetoon, floro-koolstof, koolstof tetrakloried, terpentyn, verf, verdunner, tippex, aanstekergas, spuitverdrywer, ens.

Die Aantreklikheid?

Jongmense misbruik insnuifmiddels meesal vir verskillende redes omdat dit goedkoper en makliker besikbaar is as hooflyn dwelms. Sommige wil net eksperimenteer want hulle het daarvan gelees, of by ’n vriend daarvan gehoor; andere om gesins-probleme te ontvlug.

Nog andere word deur ’n groep vriende uitgedaag om deel te wees van die “gang”, óf “high”, óf “dronk” te word.

Hoe word dit gebruik?

Die snuifmiddels word gewoonlik op ’n lappie gespuit, dan word die mond en neus daarmee bedek; of die lappie word in ’n papiersak geplaas, en dan oor die gesig gehou terwyl jy die wasem inasem.

Simptome

- Irritasie van neus en ore
- Lomerigheid
- Gehoes
- Mompelspraak
- Styfheid
- Dubbel-visie
- Gebraak
- Rooi gesig, wat later verbleek.

Uitwerkings

- Lighoofdigheid
- Duiseligheid
- Geheue verlies
- Euforie (’n gevoel van intense geluk en genot)
- Gevoelens van afsydigheid
- ’n Onmiddelike “high” wat kan 15-45 minute duur
- Erge neurotoksiese uitwerking
- Hallusinasies
- Gevoelloos vir koue en hongerte



Langtermyn uitwerking:

- Sterf (omdat jy nie in 'n beknopte area vars lug kan inasem, of jy te veel op een slag ingesnuif het)
- Skade aan die hart
- Skade aan die stem
- Skade aan die longe
- Skade aan die lewer
- Skade aan die niere
- Breinskade as gevolg van suurstoftekort
- Erge depressie wat tot selfmoord kan lei

LEER REG,
BLY WEG!

En onthou, as jy in die moeilikheid kom, sal die maats jou nie help nie! Nog erger, hulle sal nie eers vir jou wil ken nie!

Alcohol and Drug Concerns-Cape
Non–Profit Organisation
Registration No: 000–618
16 Drogheda Road, Golflinks Estate,
Wynberg, 7800
Tel: 021 797 0583 Fax: 021 762 4235
Email: adccape@telkomsa.net

Alcohol and Drug Concerns-Transvaal
Non-Profit Organisation
Registration No: 009-780
5 Hammond Road, West Turffontein
Johannesburg
Tel: 011 433 2372 Fax: 011 433 2760
Email: charlene@alcoholanddrugconcerns.org.za

DIE WREDE FEITE OOR

SNUIF-MIDDELS

Uitgereik as 'n hulpbron om 'n meer gesonde dwelmvrye lewe te geniet teenoor dit van 'n dwelmslaaf.